

Gr 10 RTT

Antwoorde van Vrg 6 en 7 VAN LAAS WEEK:

Vraag 6 – Sagteware

6.1.1 Enige TWEE funksies van: ✓✓

- Bestuur alle hardeware en sagteware
- Behou sekuriteit (met gebruik van wagwoorde, deel- en toegangsregte, ens.)
- Voorsien 'n gebruikeroppervlak / 'n middel vir mense om in wisselwerking met die sagteware te wees

[Aanvaar ook geskikte voorbeelde van bostaande, bv. 'laai lêer vanaf skyf' vir 1ste punt] (2)

6.1.2 Android ✓ (1)

6.2.1 Hulle opdateer en verander hul vertooninligting (bv. die Weer-teël) ✓ (1)

6.2.2 Hulle dui verdere subkieslyste aan ✓ (1)

6.3.1 Die lêeruitbreiding word nie deur die bedryfstelsel / 'rekenaar' herken nie ✓ (1)

6.3.2 Enige EEN manier (behalwe voorstel in dialooghokkie) van: ✓

- Verander lêeruitbreiding (per hand) na 'n bekende videolêeruitbreiding (bv. MOV, AVI, MP4)
- Probeer om 'n lêer- / mediaomsettings- (*converter*) -program te gebruik
- Kry 'n geskikte app vanaf enige plek behalwe deur dit van die 'Store' af te laai, bv. van 'n Freeware of Shareware-stoor / ander aanlyn bron / aankoop van 'n winkel (1)

6.3.3 Snipping Tool ✓ (1)

6.4.1 Grafika- / prentjielêer ✓ (1)

6.4.2 Enige TWEE wenke van: ✓✓

- Beplan die basiese lêergidsstruktuur: skets op papier / gebruik SmartArt (hiërargiekaarte), ens.
- Dink eerste aan die hooflêergidse, voeg dan die sublêergidse by soos benodig
- Hou aan om elke vlak te verfyn / skep verdere sublêergidse (as daar te veel lêers in een lêergids is)
- Gebruik sinvolle name vir lêers en lêergidse
- Dupliseer lêergidsstrukture as lêers tussen rekenaars geskuif word (bv. skool en huis) (2)

6.4.3 Recycle Bin ✓ (1)

6.5 Kan die sagteware op enige aantal rekenaars installeer, ✓
maar net binne die skool / maatskappy / organisasie ✓ (2)

6.6.1 Shareware is sagteware wat vir 'n toetstydperk (gewoonlik 30 dae) gebruik kan word, en/of wat sekere beperkinge het. ✓

As jy wil voortgaan om die sagteware (na die toetstydperk om is) te gebruik, en enige beperkinge wat bestaan ontsluit, moet jy 'n (eenmalige) fooi betaal. ✓ (2)

6.6.2 Freeware ✓ (1)

6.6.3 Enige TWEE potensiele nadele van: ✓✓

- Geen waarborg van gehalte of dat dit reg werk nie
- Die installasielêers (van die internet af) kan taamlik groot wees, dus kan hierdie 'n probleem wees vir mense met stadige konneksies of beperkte data
[Moenie bloot '(gewoonlik) slegs vanaf die internet verkrygbaar' sonder die bostaande beperking aanvaar nie, aangesien 'van die internet verkrygbaar' vandag eintlik 'n voordeel is]
- Nie in algemene gebruik nie (meer mense gebruik Windows-produkte as OSS), dus mag meer gebruikersopleiding nodig wees
- Program- / datalêers mag dalk nie met ander stelsels versoenbaar wees nie
- Dokumentasie en ondersteuning vir OSS mag dalk nie maklik bekombaar wees nie
- Dikwels baie verskillende weergawes van dieselfde produk / kan verskillend werk op verskillende rekenaars (2)

6.7 Programlêers kan herinstalleer word indien nodig (vanaf skyf, of afgelaai vanaf die internet) ✓
(1)

[20]

Vraag 7 – Netwerke

- 7.1 Enige EEN metode (behalwe kitsboodskappe) van: ✓
- E-pos
 - SMS
 - Sosiale netwerke [Aanvaar spesifieke voorbeelde, bv. WhatsApp, Facebook Messenger](1)
- 7.2 Voorsien hulpbronne en dienste aan ander rekenaars op die netwerk ✓ (1)
- 7.3.1 Enige EEN voordeel van: ✓
- Toeganklik vanaf enige plek op enige toestel (met internettoegang)
 - Sinkronisering – het altyd die jongste weergawe van 'n lêer
 - Maklik om lêers met ander mense te deel
 - Rugsteun en sekuriteit word deur die stoorverskaffer voorsien (1)
- 7.3.2 Enige EEN voorbeeld van: ✓
- OneDrive
 - Dropbox
 - Google Drive, ens. (1)
- 7.4 Taamlik oop: aanvaar argumente gebaseer op die behoefte om veilig te kommunikeer (bv. op sosiale netwerke), die risiko van die skending van privaatheid, die moontlikheid van vertroulike inligting wat geleë kan word as dit nie behoorlik beskerm word nie, ens. ✓ (1)

[5]

HUISWERK TEORIE

Ma: Doen Vrg 8

Vraag 8 – Oplossingsontwikkeling

Mens moet goed met Microsoft Office-pakkette kan werk om bestellings te kan verwerk.

- 8.1 Gee EEN rede waarom mens die Save As-opdrag, eerder as die gewone Save-opdrag sal gebruik wanneer jy 'n bestaande dokument wil stoor. (1)
- 8.2 Die sleutelbord-kortpad <Ctrl><X> word dikwels deur die kortpad <Ctrl><V> gevolg. Watter aksie voer mens met die kombinasie van hierdie twee kortpaaie uit? (1)
- 8.3 Verduidelik waarom dit belangrik is om te sorg dat jy die woord reg spel wanneer jy 'n woord by *Word* se ingeboude woordeboek voeg. (1)
- 8.4 Gee EEN ekonomiese rede (wat met koste te doen het) waarom mens nie die verstek (*default*) - bladsykleur (wit) van *Word*-dokumente sou verander nie. (1)
- 8.5 Gee EEN rede waarom mens soms die Tabs-dialooghokkie moet gebruik wanneer jy *tabs* in 'n *Word*-dokment stel, en nie net *Word* se liniaal kan gebruik nie. (1)
- 8.6 Wat kan mens doen om 'n *Excel*-werkblad op een bladsy te laat inpas wanneer jy dit druk, behalwe om die font kleiner te maak? (1)

[6]

WOENSDAG

Doen Vrg 1 – 4

AFDELING AVraag 1

Identifiseer die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die *nommer* van elke vraag neer, met die enkele *hoofletter* wat die beste antwoord verteenwoordig langsaan, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende tegnologieë gebruik klein radiotoestelletjies om data te stoor en oor te dra? (1)
- A. Thunderbolt
 - B. LCD
 - C. OCR
 - D. RFID
- 1.2 Watter een van die volgende besonderhede oor 'n lêer word by verstek (*default*) in *Details view* deur File/Windows Explorer vertoon? (1)
- A. Taal / *Language*
 - B. Lêergrootte / *File size*
 - C. Outeurs / *Authors*
 - D. Woordtelling / *Word count*

- 1.3 Watter een van die volgende stellings oor skootrekenaars, slimfone en tablette is ONWAAR?
- Al hierdie toestelle kan aan 'n rekenaarnetwerk gekoppel word.
 - Al hierdie toestelle is ontwerp om draagbaar te wees.
 - Al hierdie toestelle het 'n ingeboude raakblad (*touch pad*).
 - Al hierdie toestelle moet 'n bedryfstelsel hê om te kan werk. (1)
- 1.4 Watter een van die volgende aksies word NIE gebruik om hulp in 'n toepassing te kry nie?
- Druk die F1-sleutel.
 - Laat die muis se wyser op 'n objek rus om 'n nutswenk (*tooltip*) te laat verskyn.
 - Druk <Ctrl><Esc>.
 - Tik 'n vraag in 'n soekboksie. (1)
- 1.5 Watter een van die volgende, wanneer dit in sel A4 in die sigblad hieronder ingetik word, sal NIE 'n foutboodskap gee nie?
- | | A |
|---|------|
| 1 | Name |
| 2 | 5 |
| 3 | |
| 4 | |
- =A1 + A2
 - =A3 + 5
 - =A2 / A3
 - =TOTAL(A2:A3) (1)
- 1.6 Watter een van die volgende groepe rangskik die media-items in volgorde van kleinste tot grootste stookapasiteit?
- CD, *flash*-skyf, hardeskyf
 - DVD, hardeskyf, Blu-ray
 - Geheuekaart, Blu-ray, DVD
 - Flash*-skyf, hardeskyf, geheuekaart (1)
- 1.7 Watter een van die volgende muisaksies word gebruik om 'n opwiplys te laat verskyn?
- Sleep / *drag*
 - Driemaal klik
 - Regsklik
 - Dubbeklik (1)

[7]

Vraag 2

Sê of elk van die stellings hieronder WAAR of ONWAAR is.

As die stelling ONWAAR is, skryf die woord 'Onwaar' neer, en langsaan slegs die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet vervang om die stelling WAAR te maak. (Let op dat geen punte toegeken sal word as 'Onwaar' sonder 'n voorgestelde vervanging gegee word nie.)

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur / sagteware.

Antwoord: Onwaar – apparatuur / hardeware.

- 2.1 Daar is 2048 grepe (*bytes*) in twee kilogrepe (*kilobytes*). (1)
- 2.2 Creative Commons verwys na die wettige reg om kopieë te maak en om produkte te publiseer en te verkoop. (1)
- 2.3 'n Eerstereël-inkeping ('First line indent') word in die skermkopie hieronder getoon:
-
- (1)
- 2.4 'n Versnellingsmeter (*accelerometer*) word gebruik om te bepaal hoe 'n mobiele toestel vasgehou word, of hoe dit beweeg word. (1)
- 2.5 Die grootte van 'n monitor word diagonaal in megapixels gemeet. (1)
- [5]

Vraag 3

Skryf slegs die *nommer* van die beskrywing in Kolom A neer, en langsaan die korrekte *hoofletter* van Kolom B wat daarby pas, byvoorbeeld 3.9 R.

Kolom A	Kolom B
3.1 'n Koppelvlak wat gebruik word om 'n monitor aan 'n rekenaar te konnekteer	A. Stilus B. WinRAR C. Webkamera D. <i>Unzip</i> E. Kopiereg F. Volinlyngestel (<i>Justify</i>) G. dd/mm/yy H. <i>Heading 1</i> I. Dataprojektor J. <i>Merge</i> K. <i>Decimal</i> L. <i>Trackball</i> M. <i>Auto Fill</i> N. <i>Burning</i> O. <i>Left</i> P. <i>Ripping</i> Q. HDMI
3.2 'n Voorbeeld van 'n afvoertoestel	
3.3 Die kopiëring van 'n flik vanaf 'n DVD na 'n hardeskyf	
3.4 'n Wysertoestel wat dikwels gebruik word deur mense wat nie motoriese beheer van hul vingers het nie het nie	
3.5 'n Fasiliteit wat in 'n sigblad gebruik word om vinnig reekse soos Jan, Feb, Mar, ens. te skep	
3.6 Die proses om 'n lêer tot sy oorspronklike grootte te herstel	
3.7 'n Soort tabelstoppunt (<i>tab stop</i>) in 'n woordverwerker, wat net by syfers gebruik word	

3.8	'n Teksinlynstelling wat soos volg lyk: Video provides a powerful way to help you prove your point. When you click Online Video, you can paste in the embed code for the video you want to add. You can also type a keyword to search online for the video that best fits your document.	
-----	--	--

[8]

AFDELING B

Vraag 4 – Hardeware (1)

4.1 Bestudeer die spesifikasies van die rekenaar hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Intel Core i5 CPU up to 3.1 MHz
 4 GB RAM
 500 GB hard drive
 No optical drive
 3 x USB
 Fingerprint reader
 MS Windows 10 Home
 Built-in webcam, speaker, mic

- 4.1.1 Wat is die grootte van die hoof-stoortasie van hierdie rekenaar, in Teragrepe? (1)
- 4.1.2 Verduidelik hoekom hierdie rekenaar (en alle rekenaars) baie meer stoorasie as geheue moet hê. (2)
- 4.1.3 Watter komponent binne die rekenaarkas maak dit vir die SVE en RAM (en ander dele) moontlik om met mekaar te kommunikeer? (1)
- 4.1.4 'n USB-*hub* word nie in die spesifikasies gemeld nie, maar vir watter doel sou mens 'n USB-*hub* vir hierdie rekenaar wou aanskak? (1)
- 4.1.5 Watter toevoertegnologie word met die gebruik van die vingerafdrukleser geassosieer? Sê ook waarvoor die vingerafdrukleser waarskynlik gebruik sou word. (2)
- 4.1.6 Hierdie rekenaar het geen optiese aandrywer (vir CD's of DVD's) nie.
- (a) Wat is die mees waarskynlike manier hoe sagteware op hierdie rekenaar geïnstalleer kan word? (1)
- (b) Gee TWEE redes hoekom optiese aandrywers nie regtig meer gebruik word nie. Moenie enige antwoord wat jy vir 4.1.6 (a) gegee het, hier gee nie. (2)

- 4.1.7 Gee EEN gebruik van 'n webkamera, behalwe die neem van foto's. (1)
- 4.2 Gee TWEE nadele of beperkinge van koordlose toestelle soos koordlose sleutelborde en muis, behalwe die feit dat daar soms steurings met die koordlose sein kan wees. (2)
- 4.3 Beskryf kortliks EEN scenario (situasie) waarin dit beter sou wees om 'n monitor met 'n wyeskermformaat te gebruik. (1)
- 4.4 Gee EEN rede hoekom iemand 'n laserdrukker bo 'n inkspuitdrukker sou verkies. (1)
- 4.5 Gee die naam van die tegnologie wat dit moontlik maak dat twee slimfone lêers koordloos oor 'n kort afstand kan uitruil. (1)
- 4.6 Verduidelik hoekom rekenaargebruikers behoort te leer om sleutelbordkortpaaie te gebruik. Ondersteun jou antwoord deur te sê waarvoor die kortpad <Ctrl><Z> gebruik word. (2)
- [18]**

PRAKTIES HUISWERK:

KYK NA VIDEO'S OOR EXCEL:

MAANDAG: LES 2



WOENSDAG: LES 3

